

**4 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 11:1-10**  
**Fokusgedeelte: Romeine 11:4-6**

**Goeie nuus: God se liefdestrou is onveranderlik**

Aan die liefdestrou van God teenoor sy kind hoef jy nooit te twyfel nie. Hierin bly Hy altyd dieselfde. Hy sal sy volk, sy kind nooit verstoot nie. Hy bly oor die eeue getrou aan sy eie verkiesing en dus ook getrou aan sy volk. Selfs as die hele Israel hulle voortdurend teen God verset, gaan Hy voort met 'n groep binne die volk. In die volk het Hy vir Hom 'n klein groepie getroues afgesonderd teenoor wie Hy altyd sy beloftes nakom – die ware Israel binne Israel.

Dink aan Elia. In die put van moedeloosheid kla hy die volk aan wat al die profete van die Here vermoor het en sy altare afgebreek het (1 Kon 19). Dan sê die Here dat Hy vir Hom sewe duisend getroues laat oorbly het. In hulle sit Hy sy genadewerk voort. Hoewel Elia nie die ontrou van die volk verstaan nie, bly God getrou.

Die genadewerk van die lewende God word deur niks gekeer nie – sy genadewerk gaan voort. Met sy “oorblyfsel” loop Hy die pad wat Hy in sy Raad beplan het. In die oë van die wêreldmassas is die oorblyfsel weliswaar 'n aantal vrygekooptes wat verkies het om hulle eie pad te loop. Die Here stuur egter 'n gees van bedwelming oor die wêreldlinge. Wie hom aanhou verset teen God, word self ook meer en meer verhard.

Wat 'n genade om te behoort tot God se “oorblyfsel” wat uit genade, uitverkies is en nie onder die massa te tel nie! Hoe wonderlik om een van die mense te wees in wie én deur wie die almagtige God se genadewerk in die wêreld voortgesit word. In jou getuienis moet jy onthou: God is getrou. Hy sal jou getuienis bevestig omdat jy jou knie voor Hom buig en nie voor Baäl nie.

Sing: Psalm 115:1,2

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)